# In 'n Claassen van sy eie...

## Oud-Bok skryf nog 'n boek

**Deur Johann Gresse**

Wynand Claassen is Middelburg se grootste sportheld: Springbokkaptein, Noord-Transvaal- en Natalbreker, kunstenaar en argitektuurstudent.

In sy nuwe boek, *Kaalvoetklong tot rugbytoks*, vertel hy onder andere van sy grootwordjare op die dorp.

As die seun van 'n skoolhoof - sy pa, George, was die hoof van Hoërskool Middelburg - sou mens verwag dat daar nie juis kans vir kattekwaad was nie.

Maar die een ding wat duidelik uitstaan as jy die boek lees, is dat daar in daardie jare beslis nie *Playstation* was nie.

"Dit was 'n sorgvrye tyd van kattekwaad, die ontwaking van senuwees en die eerste kys. Dit was die jare van vrugte steel en toktokkie speel, van epiese kleilatgevegte en waaghalsige bobejaantouswaaiery...," skryf Claassen.

Een van die staaltjies is dat hy in sy standerdsesjaar by Hoërskool Middelburg vroeg by sy ouerhuis in Dennekoshuis uitgesluip het om saam met 'n paar vriende poetse op die onderwysers te bak. Die deure van die betrokke onderwysers se koshuiswonings is sorgvuldig met 'n tou vasgebind. Daarna is graffiti en 'n paar ander verrassings op hul motors gelos.

Claassen vertel dat mens vir 11c 'n lekker sitplek by die Astra- of Mascotteater kon kry.

Claassen en van sy makkers is gewapen met *pea-shooters* na die teater. En sodra een van die Kallel-broers 'n gelukkige trekking doen, brand hulle op hom los.

Totdat een van dié "skerpskutters" uitgevang is, het almal eendragtig saam met hom uitgegaan.

Rugbywedstryde op die grasperk voor Dennekoshuis het die fondasie vir sy rugbyloopbaan gelê.

"Daar op die voorstoep van die hoërskool se sportvelde, sou ek vir die volgende 15 jaar my drome van rugbytoetse droom..."



Claassen saam met Tukkies se Middelburg-brigade: Jacques Verwey, Deon Helberg en Dirk Dippenaar.

Claassen het sy debuut vir Laerskool Middelburg se o/80-pond-C-span gemaak. As losskakel nogal!

Sy gedugte kombinasie met Koos Coetzee en André Steele het tot in sy hoërskooljare gestrek.

Hy en Coetzee het juis die kastaiings uit die vuur gekrap in 'n wedstryd teen Laerskool Staatspresident C.R. Swart.

In die doodsnikke van dié wedstryd was Claassen-hulle 9-10 agter, maar die Claassen/ Coetzee-kombinasie het *gespark* en Middelburg het die wedstryd gewen.

En wat sal skoolrugby op Middelburg wees sonder 'n MHS/HTS-kragmeting?

Claassen beskryf in detail hoe sy Hoërskool Middelburgspan in sy standerdnegejaar dié kragmeting 16-13 gewen het.

Sy ouers het 'n groot invloed op sy lewe gehad. George Claassen was aanvanklik die enigste drawwer op die dorp.

Hy skryf dat hy hom aanvanklik vir sy pa - met sy vuil tekkies en ou T-hemp - geskaam het. Maar gaandeweg het dié skaamte omgesit in bewondering.


Claassen senior was derde in sy eerste Comradesmarathon en was in 1961 as 44-jarige die wenner van die wedloop.

"My pa se prestasies het my die waarde van selfdissipline laat besef, van vasbeslotenheid en die bereidheid om op te offer om my doelwitte te bereik."

*Kaalvoetklong tot rugbytoks* is nostalgies, humoristies en insiggewend.

Wynand Claassen is 'n legende van Suid-Afrikaanse rugby en 'n legende op Middelburg.

Duidelik het hy ook nie van sy grootworddorp vergeet nie. En dit alleen maak *Kaalvoetklong tot rugbytoks* meer as die lees werd.




**Wynand Claassen se nuwe boek - *Kaalvoetklong tot rugbytoks* - is 'n blik op sy grootwordjare in Middelburg.**